

**Saterdag 26 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:3-7**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:4**

**Die Here gee vaste troos in alle omstandighede**

Dit is nie moeilik om te weet wat in Paulus se lewe aangaan nie. Hy is nie skaam om sy lewe en al sy beproewinge met medegelowiges te deel nie, want deur die beproewinge kan hy ook oor die waarheid getuig. Juis daarom noem Paulus God die Vader van barmhartigheid, want sy bemoediging vloei uit sy barmhartigheid. Hy troos gelowiges in alle omstandighede.

Die bemoediging wat die Here in moeilike omstandighede gee, is 'n versekering wat 'n mens versterk. Gelowiges is terdeë bewus dat God beslissend in Christus opgetree het om die mensdom van die slawerny van sonde te verlos en dat ons reeds die ewige lewe het. Gelowiges weet dat niks hulle van die liefde van God kan skei nie en dat God hulle uit alle ellende sal verlos – selfs deur die dood.

God se vertroosting versterk gelowiges sodat ons die probleme van die lewe met vasberadenheid en oneindige versekering tegemoetgaan. God verwyder dalk nie altyd onmiddellike of selfs deurlopende beproewings wat oor ons pad kom nie, maar Hy vertroos ons altyd deur die krag te gee om dit die hoof te bied.

Daar is geen ander vaste troos in hierdie lewe nie, behalwe die sekerheid wat die Gees in ons werk dat ons met liggaam en siel aan ons Here Jesus Christus behoort. Daar is dus geen situasie waarin jy jouself kan bevind waar jy die stelling kan maak en regverdig dat ek ontroosbaar is nie. Of dat die situasie hopeloos is nie.

Dit is Paulus se getuienis: In alles wat hy gely het, het God hom vertroos. God laat nooit sy kinders aan hulle eie genade en krag oor nie. Ons ken God se beloftes die beste wanneer ons die grootste behoefte het. Ons leer in sulke omstandighede dat God se bemoediging voldoende is om in alles in die geloof staande te bly.

*Sing: Psalm 34-1:8*

*Ds. CB (Brahm) Robinson (Cachet)*